Saterdag 15 Augustus
Skrifgedeelte: Matteus 17:14-20
Fokusgedeelte: Matteus 17:20 (AFR83)
Geloof soos 'n mosterdsaadjie

Die pad van die Woord is 'n slagveld met intense stryd, ook in die goeie grond waar daar uiteindelik 'n groot oes kom. Jesus se dissipels was deel van die goeie grond, en kyk net wat 'n stryd was daar nie ook by hulle nie! Matteus 16: die antwoord van Petrus dat Jesus die Christus is en dat Jesus gesê het dat die Vader aan hom daardie insig gegee het, maar net daarna het Jesus hom op die skerpste manier *vermaan* omdat hy nog hopeloos te vlak oor alles gedink het! Daarna die aangrypende verheerliking van Jesus op die berg wat Petrus en sy twee kollegas, Jakobus en Johannes, nie reg kon hanteer nie, en ook hulle gebrekkige insig gewys het in die gesprek toe hulle weer van die berg af terug is na hulle ander kollegas. By húlle was dit ook maar 'n deurmekaarspul omdat die skrifgeleerdes met hulle geargumenteer het in die tyd van Jesus se afwesigheid, en toe kom daar ook nog die pa met sy erg versteurde kind! En toe kon hulle niks uitrig teen dié geval van besetenheid nie, hoewel hulle op 'n vroeëre reis wél sukses teen die aanslae van die duiwel gehad het (Luk. 10:20). Net Jesus was kalm en nugter en het die hele situasie met die pa en sy seun met groot deernis en outoriteit hanteer.

Nou kan ons ook verstaan waarom die dissipels, toe hulle weer alleen met Jesus was, gevra het: "Waarom kon ons hom nie uitdryf nie?" Alles was vir hulle net te groot om te hanteer. Wie kán onder sulke omstandighede nog kophou?

Jesus se raak antwoord: "Omdat julle geloof te *klein* is", en toe praat Hy verder juis van iets baie kleins, geloof soos 'n mosterdsaadjie! Die belangrike punt van 'n mosterdsaadjie is nie sy *afmetings* nie, maar dat dit juis 'n *mosterdsaadjie* is, die saadjie wat ondanks sy klein afmetings groei en selfs sulke hoogtes bereik dat voëls in sy takke neste maak. Dit gaan dus om 'n geloof wat nie deur moeilike omstandighede ontspoor en wegraak nie.

Só gaan dit in die goeie grond! Vir seker is dinge nie aldag maklik en ewe duidelik nie, maar: dié geloof bly staan! Daarvan sê Paulus in 2 Korintiërs 12: "*My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is. Daarom sal ek baie liewer in my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.*" Geloof soos 'n mosterdsaadjie, geloof wat nie onder druk meegee en ontspoor nie!

*Sing: Psalm 31-1:15*
*Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)*